*Registrateur*

# NWU-HANDLEIDING OOR STUDENTEDISSIPLINE

## Agtergrond

Die Handleiding oor Studentedissipline word ingevolge die Beleid oor Studentedissipline deur die Visekanselier verskaf as 'n bedryfsdokument wat daarop gemik is om die effektiewe en doeltreffende handhawing van dissipline binne die studentegemeenskap te verseker. Die Handleiding word verder ondersteun deur ondergeskikte reëls, prosedures en meganismes wat dissipline binne die studentegemeenskap verseker.

## INHOUDSOPGAWE


**Deel 1:** Inleiding

**Deel 2:** Generiese Riglyne, Beginsels en Doel vir Studentedissipline en Tugmaatreëls

**Deel 3:** Prosedures vir die Rapportering en Ondersoek van Beweerde Wangedrag, en Voorlopige Skorsings

**Deel 4:** Reëls vir Dissiplinêreverhoorkomitees wat ingevolge Paragraaf 5 van die Beleid oor Studentedissipline tot stand gebring is

**Deel 5:** Dissiplinêre Meganismes ingevolge Paragraaf 5.6 van die Beleid oor Studentedissipline

# Inleiding

## 1 Vertolking en Toepassing

1.1 Die Handleiding oor Studentedissipline (hierna *die Handleiding* genoem) moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

1.1.1 Statuut van die Noordwes-Universiteit;

1.1.2 Beleid oor Studentedissipline;

1.1.3 Institusionele Reëls oor Studentebestuur;

1.1.4 Beleid oor Akademiese Integriteit;

1.1.5 Algemene Akademiese Reëls;

1.1.6 Beleid oor Delegering, Toewysing en Agentskap; en

1.1.7 Ander tersaaklike beleide en reëls van die Universiteit.

## 2 Begripsomskrywings

Die volgende definisies geld vir die vertolking van die Handleiding:

| | Termyn | Woordomskrywing |
|---|---|---|
| 1. | **"Appèl"** | 'n Appèl gaan oor die vraag of die besluit van 'n tugliggaam op grond van die beskikbare bewyse korrek was/is. 'n Appèl is dus 'n uitdaging vir die bevindinge oor die meriete van feite of die reg. |
| 2. | **"Gedelegeerde"** | Verwys na 'n individu of struktuur wat 'n delegering van 'n *delegans* ontvang het om 'n spesifieke gesag uit te oefen of rol te speel ingevolge die Beleid oor Delegering, Toewysing en Agentskap. |
| 3. | **"Tugliggaam"** | Verwys na die liggame, ook genoem dissiplinêreverhoorkomitees, tot stand gebring ingevolge paragraaf 74 van die Statuut en paragraaf 5.2 van die Beleid oor Studentedissipline. |
| 4. | **"Dissiplinêre meganismes"** | Verwys na die voorafbepaalde gevalle van nienakoming van spesifieke reëls en reëlings wat ontwikkel is ingevolge paragraaf 5.6 van die Beleid oor Studentedissipline, met voorafbepaalde strawwe geassosieer met elke geval van nienakoming. Dissiplinêre meganismes word ingestel in gevalle waar 'n dissiplinêre verhoor nie onmiddellik vereis word nie |
| 5. | **"Vuurwapen"** | Verwys na enige toestel wat 'n koeël of ander projektiel deur 'n loop of 'n silinder kan dryf deur middel van 'n brandende dryfmiddel. |
| 6. | **"Hersiening"** | 'n Hersiening is gemoeid met die vraag of 'n besluit van 'n dissiplinêre liggaam op grond van die beskikbare getuienis wettig was/is. Die gronde vir 'n hersiening is gekodifiseer in artikel 6(2) van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000 (PAJA) soos gewysig, en sluit in: onwettigheid, prosedurele onregverdigheid, irrasionaliteit, onredelikheid en ander ongrondwetlike of wederregtelike optrede. |
| 7. | **"KSR"** | Verwys na die Kampusstudenterade wat ingevolge paragraaf 27 van die Statuut tot stand gebring is. |
| 8. | **"Ondergeskikte studenteleierskapstrukture"** | Verwys na die ondergeskikte studenteleierskapstrukture van die VSR en KSR's wat ingestel is ooreenkomstig die Institusionele Reëls oor Studentebestuur en die Grondwet van die Verteenwoordigende Studenteraad van die Noordwes-Universiteit. |
| 9. | **"VSR"** | Verwys na die Verteenwoordigende Studenteraad wat ingevolge paragraaf 27 van die Statuut tot stand gebring is. |
| 10. | **"Wapen"** | Verwys na enige objek, buiten 'n vuurwapen, wat die dood of ernstige liggaamlike besering kan veroorsaak indien dit vir 'n onwettige doel gebruik word. |

| | | |
|---|---|---|
| 11. | **"Werkdag"** | Verwys na 'n tydperk van 24 uur, Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit, maar nie die resesperiodes van die Universiteit soos gepubliseer in die universiteitskalender uitgesluit nie. |

## 3 Doel

Die doel van die Handleiding is om uitvoering te gee aan paragraaf 5 van die Beleid oor Studentedissipline deur:

3.1 Voorsiening te maak vir die generiese riglyne, beginsels en doel vir tugmaatreëls ingevolge paragraaf 5.5 vir:

3.1.1 natuurlike geregtigheid;

3.1.2 studentedissipline;

3.1.3 tugprosedures m.b.t. feite of bewyse; en

3.1.4 die bewyslas en -standaard.

3.2 'n Aanduiding te gee van die gesag, mandaat, samestelling en prosedures van die dissiplinêreverhoorliggame en hersienings- en appèlliggame wat ingevolge paragrawe 5.2, 5.3 en 5.4 van die Beleid tot stand gebring is.

3.3 Identifisering van die strafmaatreëls wat ingestel kan word m.b.t. dade van wangedrag.

3.4 Bepaling van die prosedures vir dissiplinêre meganismes van toepassing op die Koshuislewe, Studentelewe en VSR en ondergeskikte studenteleierskapsomgewing ingevolge paragraaf 5.6 van die beleid.

## 4 Delegering deur die Visekanselier

4.1 Die Visekanselier, wat die hooftugbeampte is oor aangeleenthede rakende studentedissipline, het die bevoegdheid om dissiplinêre gesag en bedryfsaangeleenthede na eie goeddunke te delegeer aan 'n lid van die Universiteitsbestuurskomitee, maar bly daarvoor verantwoordelik om toesig te hou oor die uitoefening van die gedelegeerde funksies.

4.2 Die Visekanselier verskaf deur middel van hierdie handleiding riglyne oor hoe sulke funksies uitgevoer moet word en hoe diskresie uitgeoefen behoort te word.

## 5 Verslagdoening

5.1 Die bevindinge en verslae van al die ondergenoemde dissiplinêre liggame en dissiplinêre meganismes word gedokumenteer en gerapporteer in 'n formaat soos voorgeskryf deur die bestuurder Studenteregsdienste.

5.2 Die Departement Studenteregsdienste is die rentmeester van die rekordhouding van alle verrigtinge en meganismes rakende studentedissipline wat in ooreenstemming met die Universiteit se rekordbestuurbeleid gedoen moet word.

5.3 Daar word tweejaarliks aan die Senaat en Raad verslag gedoen ooreenkomstig die statutêre vereistes gestel deur paragraaf 72(2).

## 6 Hersiening

Die Registrateur moet, na oorleg met die Senaat, die Institusionele Forum en die VSR, hierdie handleiding minstens een keer per driejaarsiklus aan die Visekanselier voorlê vir hersiening en goedkeuring.

# GENERIESE RIGLYNE, BEGINSELS VIR EN DOEL VAN STUDENTEDISSIPLINE EN TUGMAATREËLS

## 7 Basiese beginsels

7.1 Ingevolge paragraaf 72(1) van die Statuut is ŉ student van die Noordwes-Universiteit, ongeag of hy/sy op die perseel van die Universiteit is ten tyde van ŉ beweerde wangedrag, onderworpe aan die dissiplinêre reëls en prosedures van die Universiteit.

7.2 Die dissiplinêre prosesse van die NWU het nie die karakter van strafregtelike of siviele gedingvoering nie, maar moet die voorskrifte van regverdige administratiewe optrede volg, wat regmatigheid, redelikheid en billikheid insluit.

7.3 ŉ Student wat voor ŉ tugliggaam verskyn, het die reg om die verhoor by te woon en om homself/haarself te verdedig en om bygestaan te word deur ŉ ander persoon wat van buite die Universiteit kan wees.

7.4 In alle gevalle waar oor die uitkoms van tugmaatreëls besluit word, moet redes vir die uitkoms en strafmaatreëls verskaf word, asook inligting oor die relevante hersienings- en appèlprosesse.

## 8 Die vereistes van natuurlike geregtigheid en billike prosedurele prosesse

8.1 "Natuurlike geregtigheid" is ŉ uitdrukking wat die kenmerke van prosedurele billikheid onderskryf, wat behels:

8.1.1 ***Audi alteram partem,*** wat letterlik "hoor die ander kant" beteken, en wat in die belang van regverdigheid vereis dat elke deelnemende party aan dissiplinêre verrigtinge ŉ redelike geleentheid gegun moet word om vertoë te rig.

8.1.2 Wat in die meeste gevalle meer as een prosedurele fase behels, soos:

8.1.2.1 ondersoek, en ordelike insameling en oorweging van bewyse en feite;

8.1.2.2 voorlopige stappe soos voorlopige skorsing in ernstige gevalle;

8.1.2.3 oorweging van ingesamelde bewyse en feite; en

8.1.2.4 dat ŉ gemotiveerde uitkoms uitgereik word en dat redes vir sodanige besluit gevind en verskaf word.

8.1.3 **Onpartydige besluitneming** wat daarna streef om onpartydigheid in die besluitnemingsproses te verseker, wat beteken dat geen persoon ŉ saak mag oordeel waarin so ŉ persoon ŉ belang het nie.

## 9 Prosedures met betrekking tot feite en bewyse oor wangedrag

### 9.1 Dissiplinêreverhoorkomitees

9.1.1 Die volgende elemente moet deel uitmaak van elke geval van tugmaatreëls wat namens die NWU geneem word deur middel van ŉ dissiplinêreverhoorkomitee soos bedoel in paragraaf 13-18 van die beleid:

9.1.1.1 ŉ **ondersoek** van die ontdekte, gerapporteerde, beweerde of vermeende wangedrag om die feite vas te stel deur ŉ persoon of struktuur van die NWU anders as die dissiplinêreverhoorkomitee wat die saak sal oorweeg;

9.1.1.2 die **identifisering** van die toepaslike rolspeler wat die Universiteit in die dissiplinêreverhoorkomitee moet verteenwoordig, en die toepaslike funksionêre of dissiplinêre liggaam wat die aangeleentheid moet hanteer, soos gedoen deur Studenteregsdienste;

9.1.1.3 **verwysing** van die aangeleentheid na die betrokke tugliggaam en belê van die dissiplinêre verhoor;

9.1.1.4 prosedureel, **bestaande** uit die volgende fases en stappe –

i. ontvangs van ŉ verklaring deur die verteenwoordiger van die Universiteit van die beweerde wangedrag;

ii. vasstelling van die feite van die saak op alle tersaaklike wyses, insluitende oorweging deur die dissiplinêre liggaam van visuele, skriftelike, mondelinge en enige ander relevante getuienis wat deur die verteenwoordiger van die Universiteit en die betrokke student(e) aangevoer word;

iii. om aan die betrokke student(e) ’n redelike geleentheid te bied om vrae aan getuies te stel en die bewyse van wangedrag wat deur die verteenwoordiger van die Universiteit aangebied is, te ondersoek;

iv. om aan die verteenwoordiger van die Universiteit ’n redelike geleentheid te bied om vrae aan die betrokke student(e) te stel in die geval dat hulle getuienis afgelê het, en om die getuienis wat deur die betrokke studente en getuies gelewer is, te ondersoek;

v. om aan die verteenwoordiger van die Universiteit en die betrokke student(e) ’n geleentheid bied om finale mondelinge voorleggings aan die dissiplinêreverhoorkomitee te maak oor die beweerde wangedrag;

vi. na die aanhoor van die aanbieding soos bedoel in paragraaf 9.1.1.4 i-v, oorweging in die afwesigheid van die student(e) en hul betrokke verteenwoordiger van die betroubaarheid van die getuienis en die maak van bevindings rakende die bewese feite, met die meerderheid- en minderheidstandpunte van die liggaam wat aangeteken word en die meerderheidstandpunt wat bindend is;

vii. bekendmaking van die bevindings van die tugliggaam aan die betrokke student(e);

viii. in die geval van ’n bevinding van bewese wangedrag, wat die student(e) en die verteenwoordiger van die Universiteit toelaat om vertoë te rig oor moontlike strafmaatreëls;

ix. na oorweging van moontlike strafmaatreëls in die afwesigheid van die betrokke student(e) en hul verteenwoordiger, bekendmaking van die strafmaatreëls en verduideliking van die implikasies daarvan;

x. die skryf van ’n kort verslag oor die verhoor, bevindings en strafmaatreëls vir voorlegging aan die Visekanselier vir kennisname.

## 9.2 Dissiplinêre Meganismes

9.2.1 Die volgende elemente moet deel uitmaak van elke geval van tugmaatreëls wat namens die NWU ingestel word deur middel van ’n dissiplinêre meganisme soos bedoel in paragraaf 5.6 van die beleid –

9.2.1.1 bepaling van die ontdekte, gerapporteerde of beweerde spesifieke nienakoming om die bewerings of feite te bevestig deur ’n persoon van die NWU wat behoorlik gedelegeer is om dissiplinêre meganisme te implementeer;

9.2.1.2 bepaling van die relevante omgewing waarbinne die daad van nienakoming oorweeg moet word;

9.2.1.3 identifisering van die toepaslike gesag wat die nienakoming moet oorweeg en ’n moontlike straf moet oplê;

9.2.1.4 identifisering van die toepaslike straf met betrekking tot die nienakoming;

9.2.1.5 oplegging van die straf deur die toepaslike gesag; en

9.2.1.6 versekering dat die ondersoekproses en die administrasie van die dissiplinêre verhoor op ’n doeltreffende wyse behartig word.

## 9.3 Die bewyslas en -standaard wat vereis word vir die maak van ’n bevinding

### 9.3.1 Dissiplinêreverhoorkomitee

9.3.1.1 Die las om wangedrag voor ’n dissiplinêreverhoorkomitee aan te voer en te bewys, rus op die Universiteit.

9.3.1.2 Om getuienis voor ’n dissiplinêreverhoorkomitee aan te bied, moet ’n persoon of funksionaris wat die Universiteit verteenwoordig, wat behoorlik aangestel is of ampshalwe verskyn, voor ’n tugliggaam verskyn.

9.3.1.3 ’n Dissiplinêreverhoorkomitee moet, ten einde getuienis wat voor hom gelewer word te aanvaar, op ’n oorwig van waarskynlikheid oortuig wees van die feite waarop die wangedrag en verwante bevindings gebaseer word.

### 9.3.2 Dissiplinêre meganismes

9.3.2.1 Die las om nienakoming van relevante reëls deur middel van ’n dissiplinêre meganisme aan te voer en te bevestig, rus op die Universiteit.

9.3.2.2 Feite wat die daad van nienakoming bevestig, moet voorgelê word aan die gedelegeerde persoon wat verantwoordelik is vir die administrasie van die dissiplinêre meganisme.

# PROSEDURES VIR DIE RAPPORTERING EN ONDERSOEK VAN BEWEERDE WANGEDRAG, EN VOORLOPIGE SKORSINGS

## 10 Prosedures vir die rapportering en ondersoek van beweerde wangedrag

10.1 Die volgende prosedure word gevolg vir die rapportering van beweerde wangedrag soos gedefinieer in paragraaf 13.2:

10.1.1 Tensy anders aangedui, moet die aanmelding van alle voorvalle van ’n nie-akademiese aard by die betrokke Departement Kampusbeskermingsdienste gedoen word, waarna die betrokke bestuurder ’n ondersoekbeampte aanstel om die aangeleentheid te ondersoek ooreenkomstig die prosedures van Kampusbeskermingsdienste.

10.1.2 Ingevolge die prosesse soos bedoel in die Beleid oor Akademiese Integriteit word die aanmelding van relevante voorvalle van akademiese wangedrag aan Studenteregsdienste gedoen, waarna die betrokke bestuurder ’n ondersoekbeampte aanwys om ’n spesifieke saak te ondersoek, en soos nodig ander interne of eksterne tegniese kundiges betrek om behulpsaam te wees met die genoemde ondersoek.

10.2 Die volgende prosedure word gevolg vir ondersoeke soos bedoel in paragraaf 10.1:

10.2.1 Die betrokke ondersoekbeamptes stel ’n rekord van ondersoek op en lê dit voor aan die bestuurder van Studenteregsdienste.

10.2.2 By ontvangs van bogenoemde oorweeg die bestuurder of voortgegaan moet word met ’n dissiplinêre verhoor wat ooreenkomstig die bepalings in paragraaf 3 hieronder gehou gaan word.

10.2.3 Indien daar voortgegaan word met die dissiplinêre verhoor:

i. wys die bestuurder ’n pro forma-aanklaer aan en wys hy/sy die dissiplinêre verhoor toe aan die relevante dissiplinêreverhoorkomitee soos bedoel in paragraaf 3; of
ii. verwys die bestuurder die saak na die relevante dissiplinêre meganismes wat in paragrawe 1.4.3 en 4 van die Handleiding bedoel word.

10.3 Die bepaling soos bedoel in paragraaf 10.2 word gemaak na oorweging van die:

10.3.1 aard van die beweerde wangedrag;

10.3.2 gedrag van die geïmpliseerde student(e);

10.3.3 omstandighede waaronder ('n) insident(e) plaasgevind het; en

10.3.4 effek daarvan op die algemene goeie orde en dissipline by die Universiteit.

## 11 Oorwegings vir voorlopige skorsings

11.1 Die Visekanselier of die behoorlik gedelegeerde UBK-lid kan, na oorweging van die relevante rekords soos bedoel in paragraaf 10, ’n student voorlopig verbied om enige perseel van die Universiteit of enige gedeelte daarvan te betree, of om ’n reg of voorreg uit te oefen wat ’n student vir ’n voorafbepaalde tydperk mag hê.

11.2 ’n Student kan voorlopig geskors word:

11.2.1 teen wie ’n klagte gelê is wat ondersoek word; of

11.2.2 wat voorlopig geskors is en ’n hersiening of appèl teen die voorlopige skorsing aangevra het.

11.3 Die Visekanselier of behoorlik gedelegeerde UBK-lede moet skriftelike redes verskaf vir die voorlopige skorsing.

11.4 Die aard en omvang van die voorlopige skorsing soos bedoel in paragraaf 11.1 moet gebaseer word op oorwegings van die aard van die beweerde oortreding en of die voortgesette teenwoordigheid van die student wat ondersoek word:

11.4.1 ŉ bedreiging inhou vir die orde en dissipline van die NWU;

11.4.2 ŉ werklike of potensiële gevaar inhou vir die psigiese of fisiese welstand van die student wat ondersoek word, medestudente, slagoffers, lede by die NWU, of lede van die publiek;

11.4.3 ŉ werklike of potensiële risiko vir skade aan universiteitseiendom inhou;

11.4.4 ŉ werklike of potensiële risiko van inmenging met die getuienis of getuies inhou; en

11.4.5 enige ander relevante faktor.

11.5 Die voorlopige skorsing soos bedoel in paragraaf 11.1 kan voortduur totdat:

11.5.1 die student vertoë rig aan die Visekanselier, of sy/haar afgevaardigde, binne 48 uur na ontvangs van die voorlopige skorsing, en redes aandui waarom die voorlopige skorsing opgehef behoort te word, met die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde wat sodanige redes aanvaar of verwerp en skriftelik terugvoer gee binne 72 uur vanaf datum van ontvangs; of

11.5.2 die relevante dissiplinêreverhoorkomitee die student skuldig of onskuldig verklaar en strafmaatreëls instel.

# REËLS VIR DISSIPLINÊREVERHOORKOMITEES TOT STAND GEBRING INGEVOLGE PARAGRAAF 5 VAN DIE BELEID OOR STUDENTEDISSIPLINE

## 12 Reëls vir Dissiplinêreverhoorkomitees van die Universiteit

### 12.1 Samestelling

12.1.1 Met die nodige sensitiwiteit vir ras, geslag, gestremdheid bring die Visekanselier Dissiplinêreverhoorkomitees bestaande uit die volgende drie (03) lede tot stand:

| | |
|---|---|
| **Lid 01 (Voorsitter)** | ’n Toegelate prokureur of advokaat wat as sodanig praktiseer en wat deur die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde aangewys is. |
| Aangeleenthede rakende beweerde **AKADEMIESE WANGEDRAG verwys deur die Beleid oor Akademiese Integriteit**: | |
| **Lid 02** | Een (01) permanent aangestelde akademiese personeellid op minstens die vlak van senior lektor. |
| **Lid 03** | Een (01) permanent aangestelde akademiese personeellid op minstens die vlak van senior lektor. |
| Aangeleenthede rakende beweerde **NIE-AKADEMIESE WANGEDRAG**: | |
| **Lid 02** | Een (01) permanent aangestelde akademiese personeellid op minstens die vlak van senior lektor. |
| **Lid 03** | Een (01) permanent aangestelde ondersteuningspersoneellid op minstens die vlak van bestuurder. |

12.1.2 ’n Lid van die dissiplinêreverhoorkomitee mag geen belang by die aangeleentheid of verrigtinge hê nie.

12.1.3 Die pro forma-aanklaer wat ingevolge paragraaf 10.2.3 deur die bestuurder Studenteregsdienste aangewys word, neem nie deel aan die besluitneming van die dissiplinêreverhoorkomitee nie.

12.1.4 Die bestuurder Studenteregsdienste moet ’n sekretaris aanwys om die verrigtinge op rekord te stel, wat ’n permanente werknemer van die Universiteit moet wees wat deel uitmaak van Studenteregsdienste.

### 12.2 Wangedrag wat deur ’n Dissiplinêreverhoorkomitee van die Universiteit oorweeg kan word

12.2.1 Ingevolge Paragraaf 73 van die Statuut maak ’n student homself/haarself skuldig aan wangedrag indien:

12.2.1.1 die gedrag van die student tot nadeel van die goeie naam, orde, dissipline of werkverrigting van die Universiteit strek of kan strek;

12.2.1.2 die student die statuut, beleide, reëls van die Universiteit, of die wet oortree;

12.2.1.3 die akademiese wangedrag van die student oneerlik is, soos beskryf in die Beleid oor Akademiese Integriteit;

12.2.1.4 die student ’n ander persoon of groep persone teister of gewelddadig of vyandig behandel; of

12.2.1.5 die student skade aanrig aan eiendom of bates van die Universiteit of dié van ’n ander persoon.

12.2.2 Sonder om afbreuk te doen aan die algemene wangedrag soos bedoel in paragraaf 12.2.1 is die volgende ook voorbeelde van wangedrag:

12.2.2.1 gedrag wat daarop gemik is om die wettige aktiwiteite van die Universiteit met betrekking tot die onderrig-leer, navorsing, gemeenskapsbetrokkenheid of studentelewe te ontwrig;

12.2.2.2 betreding of besetting van ’n universiteits- of universiteitsbeheerde perseel sonder toestemming, of ’n poging om dit te doen;

12.2.2.3 die maak van stellings wat misleidend of oneerlik is jeens enige werknemer of funksionaris, met inbegrip van studentefunksionarisse, van die Universiteit;

12.2.2.4 versuim om gehoor te gee aan wettige instruksies van ’n werknemer of ’n funksionaris, met inbegrip van studentefunksionarisse, van die Universiteit;

12.2.2.5 versuim om behulpsaam te wees met of belemmering van die ondersoek van enige dissiplinêre aangeleentheid by die Universiteit;

12.2.2.6 die bring van ’n vuurwapen, wapen of plofstof na enige perseel van die Universiteit;

12.2.2.7 om ’n ander student of persoon toe te laat om sy/haar studentekaart of ander identifikasietoestel vir enige doel te gebruik, of om ’n ander student se studentekaart of identifikasietoestel vir enige doel te gebruik wat bygedra het tot ’n bykomende daad van wangedrag;

12.2.2.8 versuim om te voldoen aan ’n hofbevel, of strafmaatreël van enige tugliggaam van die Universiteit;

12.2.2.9 belemmering van die vryheid van beweging van ’n ander lid van die universiteit, besoekers, kontrakteurs of lede van die publiek op universiteits- of universiteitsbeheerde persele, of enige poging daartoe.

12.2.2.10 om op ’n onregmatige of onregverdigbare manier inbreuk te maak op die regte van ’n ander persoon;

12.2.2.11 die besit, gebruik, verspreiding of verkoop van enige onwettige middel of verbode dwelms;

12.2.2.12 die besit, gebruik, verspreiding of verkoop van alkohol op universiteits- of universiteitsbeheerde persele, strydig met universiteitsreëls in hierdie verband;

12.2.2.13 woorde of gedrag wat haatspraak uitmaak;

12.2.2.14 seksuele teistering van ’n ander persoon;

12.2.2.15 geslagsgebaseerde geweld;

12.2.2.16 betrokkenheid by ontgroeningspraktyke, waardeur studente met of sonder hul toestemming onderwerp word aan rituele, woorde, gedrag, beperkings of beletsels wat studente se waardigheid ondermyn, hul fisieke of geestesgesondheid in gevaar stel en teen die waardes van die Universiteit indruis;

12.2.2.17 diefstal of poging tot diefstal van eiendom of bates van die Universiteit of dié van ’n ander persoon;

12.2.2.18 die gebruik van eiendom, fasiliteite of bates van die Universiteit of dié van ’n ander persoon sonder toestemming; of

12.2.2.19 gebruik van die noodtoerusting en infrastruktuur van die Universiteit as dit nie nodig is nie.

### 12.3 Prosedure vir ’n dissiplinêre verhoor van ’n Dissiplinêreverhoorkomitee van die Universiteit

12.3.1 Alle verhore van ’n Dissiplinêreverhoorkomitee van die Universiteit vind plaas in ooreenstemming met die NWU se Beleid oor Studentedissipline en paragraaf 7-10 van die Handleiding.

12.3.2 Dissiplinêre verhore kan plaasvind op ’n datum en tyd op enige van die kampusse of persele wat deur die Universiteit beheer of besit word, of oor ’n afstand, soos bepaal deur die bestuurder Studenteregsdienste.

12.3.3 Enige student wat voor ’n Dissiplinêreverhoorkomitee van die Universiteit verskyn op aanklagte wat verband hou met gevalle van beweerde wangedrag het die reg om:

12.3.3.1 teenwoordig te wees by verrigtinge waartydens die aanklagte teen die student aangehoor word; en

12.3.3.2 hul eie getuienis aan te bied.

12.3.4 Versuim deur ’n student om persoonlik teenwoordig te wees by so ’n dissiplinêre verhoor soos bedoel in paragraaf 12.3.3 sal nie die verhoor verhinder om voort te gaan nie.

12.3.5 ’n Student het die reg om ’n dissiplinêre verhoor by te woon en om homself/haarself te verdedig, of om deur ’n ander persoon bygestaan te word, maar die reg op regsverteenwoordiging is nie outomaties nie.

12.3.6 ’n Student wat van voorneme is om van eksterne regsverteenwoordiging gebruik te maak, moet minstens 72 uur voor die tyd deur die Bestuurder: Studenteregsdienste by die Universiteit se Dissiplinêreverhoorkomitee aansoek doen om regsverteenwoordiging by die verhoor.

12.3.7 By ontvangs van so ’n versoek moet die Bestuurder: Studenteregsdienste so ’n versoek indien vir oorweging deur die Dissiplinêreverhoorkomitee; die komitee moet minstens 24 uur voor die aanvang van die verhoor terugvoer aan die student verskaf.

12.3.8 Die dissiplinêreverhoorkomitee wat ’n versoek oorweeg soos bedoel in paragraaf 12.3.6 en 12.3.7 kan die volgende aspekte as deel van hul beraadslagings oorweeg:

12.3.8.1 die omstandighede van die besondere geval;

12.3.8.2 die aard van die aanklagte;

12.3.8.3 die kompleksiteit van die saak;

12.3.8.4 die potensiële erns van die gevolge van ’n ongunstige bevinding; en

12.3.8.5 enige ander relevante faktore.

12.3.9 ’n Student wat voor die Universiteit se Dissiplinêreverhoorkomitee moet verskyn vir gevalle van beweerde wangedrag moet ten minste 120 uur voor die dissiplinêre verhoor skriftelike kennis daarvan ontvang, uitgesluit Saterdae, Sondae of openbare vakansiedae, maar nie uitgesluit reses- of assesseringstydperke soos gepubliseer in die universiteitsjaarkalender nie.

12.3.10 Die kennisgewing soos bedoel in paragraaf 12.3.9:

12.3.10.1 moet die aanklagte teen die student in voldoende besonderhede spesifiseer om die student in staat te stel om vir die dissiplinêre verhoor voor te berei;

12.3.10.2 mag elektronies gestuur word na die laaste e-posadres van die student soos vervat in die amptelike rekords van die Universiteit, of persoonlik aan die student oorhandig word; met

12.3.10.3 ’n kennisgewing wat per e-pos aan die student gestuur word, word geag binne 24 uur ontvang te wees, met die 120 uur kennistydperk soos bedoel in paragraaf 12.3.9 wat daarna ’n aanvang neem.

12.3.11 ’n Dissiplinêreverhoorkomitee kan sy werksaamhede verdaag of na ’n ander dag of dae toe uitstel, afhangende van die eise van die omstandighede van die saak, met dien verstande dat ’n versoek om ’n verhoor uit te stel geheel na die verhoorkomitee se eie goeddunke oorweeg sal word.

12.3.12 Die uitstel van ’n dissiplinêre verhoor soos bedoel in paragraaf 12.3.11 sal nie oorweeg word indien so ’n uitstel onnodige vertraging of die nie-beskikbaarheid van ’n spesifieke persoon wat die student of regsverteenwoordiger bystaan, sal veroorsaak nie.

12.3.13 By die aanvang van die dissiplinêre verhoor en in die afwesigheid van die betrokke student, sy/haar verteenwoordiger, enige getuies en enige ander persoon wat nie ’n lid van die verhoorkomitee is nie, moet die voorsitter:

12.3.13.1 bevestig dat die komitee in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Statuut, die Beleid oor Studentedissipline en die Handleiding saamgestel is; waarna

12.3.13.2 die voorsitter besluit oor die prosedures wat die komitee sal volg; geen bespreking mag egter gevoer word oor die meriete van die saak, die geloofwaardigheid en betroubaarheid van getuies of die student, of van moontlike strafmaatreëls nie.

12.3.14 Na die voltooiing van die proses soos bedoel in paragraaf 12.3.13, kondig die voorsitter in die teenwoordigheid van die geïmpliseerde student aan:

12.3.14.1 dat die verhoorkomitee ’n verhoor sal hou met betrekking tot die beweerde wangedrag en verduidelik hy/sy die prosedure wat tydens die verhoor gevolg moet word; waarna

12.3.14.2 die beskuldigde student mondelings in kennis gestel word van die beweerde wangedrag wat die onderwerp van die dissiplinêre verhoor is; met

12.3.14.3 die student wat versoek word om skuldig of onskuldig te pleit, met addisionele vrae wat deur die lede van die dissiplinêreverhoorkomitee aan die student gestel kan word wat daarop gemik is om die student se pleit te verduidelik.

12.3.15 Indien die beweerde wangedrag ’n kriminele oortreding is waaraan die student reeds deur ’n geregshof skuldig bevind is, is ’n afskrif van die skuldigbevinding deur daardie hof nadat die student geïdentifiseer is as die persoon wat in die rekord genoem word, prima facie-bewys dat die student wel die beweerde wangedrag gepleeg het.

12.3.16 Nieteenstaande paragraaf 12.3.15 het die student die reg om bewyse voor te lê dat hy/sy verkeerdelik skuldig bevind is.

12.3.17 **Indien die student skuldig pleit op die beweerde wangedrag:**

12.3.17.1 kan die verhoorkomitee besluit om die pleit te aanvaar mits die komitee daarvan oortuig is dat die student die aard van die verbode optrede en die gevolge van die pleit van skuldig verstaan; waarna

12.3.17.2 die verhoorkomitee die student skuldig kan bevind en op 'n gepaste strafmaatreël kan besluit.

12.3.18 'n Dissiplinêreverhoorkomitee wat ooreenkomstig paragraaf 12.3.17 besluit, moet die volgende in aanmerking neem:

12.3.18.1 student se persoonlike omstandighede,

12.3.18.2 aard en erns van die wangedrag;

12.3.18.3 feite en bewyse van die wangedrag;

12.3.18.4 belange van die Universiteit en dié van die klaer;

12.3.18.5 doelwitte van die strafmaatreël; en

12.3.18.6 student se vorige amptelike akademiese en dissiplinêre rekords.

12.3.19 **Indien die student onskuldig pleit op die beweerde wangedrag hoor die verhoorkomitee eers getuienis aan wat deur die pro forma-aanklaer gelewer word en daarná getuienis wat deur die student gelewer word.**

12.3.20 Die getuienis soos bedoel in paragraaf 12.3.19 moet ontvang en oorweeg word, wat kan insluit mondelinge getuienis, verklarings, dokumentasie en ander vorms van fisiese getuienis.

12.3.21 Die dissiplinêreverhoorkomitee kan getuies roep en ondervra, en getuies wat reeds getuig het wéér roep en ondervra.

12.3.22 Die dissiplinêreverhoorkomitee moet die pro forma-aanklaer en die beskuldigde student of sy/haar verteenwoordiger 'n redelike en billike geleentheid gee om vrae te stel, elke getuie te ondervra en te kruisondervra.

12.3.23 Nadat die verhoorkomitee die getuienis van die pro forma-aanklaer en die aangeklaagde student aangehoor het, gun die voorsitter die student of sy/haar verteenwoordiger en die pro forma-aanklaer die geleentheid om argumente aan te voer rondom die vraag of die aanklag bewys is al dan nie.

12.3.24 Na afhandeling van die verrigtinge soos bedoel in paragraaf 12.3.20 – 12.3.23 bespreek die komitee, in die afwesigheid van die student, sy/haar verteenwoordiger, enige getuies en enige lid wat nie 'n lid van die komitee is nie, die meriete van die saak en bepaal dan of die student aan die beweerde wangedrag skuldig is.

12.3.25 Nadat bepaal is of die beskuldigde student inderdaad skuldig is, kondig die voorsitter in die teenwoordigheid van die beskuldigde die uitkoms van die dissiplinêreverhoorkomitee aan. Redes vir die besluit kan aan die student verskaf word; die bevinding word as finaal beskou, en die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde word daaroor in kennis gestel.

12.3.26 Indien die betrokke student skuldig bevind word, bied die voorsitter die student en sy/haar verteenwoordiger sowel as die pro forma-aanklaer die geleentheid om addisionele voorleggings te maak of om getuienis aan te voer oor versagtende, verswarende of enige ander relevante omstandighede wat 'n impak op die strafmaatreël sal hê.

12.3.27 Binne 48 uur na afloop van die verrigtinge verskaf die voorsitter aan die student skriftelike redes vir die strafmaatreël, en die voorsitter stel die student terselfdertyd in kennis van die reg om teen die strafmaatreël of bevinding of albei te appelleer, of om die aangeleentheid in hersiening of appèl te neem, ingevolge paragraaf 77 van die Statuut.

12.3.28 In die geval dat 'n student nie teenwoordig was by die dissiplinêre verhoor soos bedoel in paragraaf 12.3.4 nie, word die prosesse soos bedoel in paragraaf 12.3.25-12.3.26 per e-pos voltooi; die uitkoms word geag binne 24-uur ontvang te wees, en die geleentheid om bykomende voorlegging te verskaf of bewyse aan te voer word as afgehandel beskou na 'n bykomende 24 uur.

12.3.29 Die indiening van 'n appèl of hersiening deur die student sal nie die bevinding of strafmaatreël opskort nie.

### 12.4 Strafmaatreëls wat opgelê kan word deur 'n Dissiplinêreverhoorkomitee van die Universiteit

12.4.1 'n Dissiplinêreverhoorkomitee van die Universiteit het die bevoegdheid om enige of 'n kombinasie van die volgende strafmaatreëls op te lê, met inbegrip van:

12.4.1.1 uitsetting van die Universiteit;

12.4.1.2 skorsing van die Universiteit vir 'n bepaalde tydperk;

12.4.1.3 uitsetting of skorsing van 'n universiteitskoshuis of daghuis;

12.4.1.4 weiering van toegang tot alle of sommige van die geboue, persele of dienste van die Universiteit of toelating onderworpe aan bepaalde voorwaardes;

12.4.1.5 skorsing van klasbywoning vir 'n bepaalde tydperk, in die geheel of slegs ten aansien van spesifieke kursusmodules;

12.4.1.6 weerhouding van toegang tot enige eksamen, toets of assesseringsgeleentheid;

12.4.1.7 verbeuring van enige punte wat reeds vir 'n spesifieke module of groep modules behaal is, of die kansellasie van enige modules, program of kwalifikasie;

12.4.1.8 oplegging van 'n boete, wat nie meer mag wees as die gelde betaalbaar deur die student vir die betrokke jaar nie;

12.4.1.9 die betaling van 'n gepaste bedrag om te vergoed vir enige skade, verlies of koste wat deur die wangedrag van die student veroorsaak is;

12.4.1.10 opheffing of inkorting van spesifieke voorregte as 'n student, met of sonder gepaardgaande voorwaardes wat regverdigbaar is op opvoedkundige gronde en aanvaarbaar is binne die kultuur en waardes van die Universiteit;

12.4.1.11 oplegging van enige opgeskorte straf, kombinasie van strawwe of ander straf wat vanuit 'n opvoedkundige oogpunt en in ooreenstemming met die institusionele kultuur en waardes van die Universiteit in die konteks van die omstandighede redelik en regverdig is;

12.4.1.12 'n ernstige vermaning of waarskuwing;

12.4.1.13 die uitreik van 'n kennisgewing aan alle of spesifieke ander hoëronderwysinstansies en toepaslike beroepsliggame van die bevindings en strafmaatreëls wat teen die student gemaak is;

12.4.1.14 endossement van die student se akademiese rekord, hetsy permanent of vir 'n spesifieke tydperk, wat die bevindinge en strafmaatreëls weerspieël;

12.4.1.15 toewysing aan die student van toepaslike en regverdigbare gemeenskapsdiens wat verband hou met 'n universiteitsgemeenskapsdiensprogram; of

12.4.1.16 enige ander toepaslike strafmaatreël.

12.4.2 Benewens die strafmaatreëls soos bedoel in paragraaf 12.4.1 hierbo het die Dissiplinêreverhoorkomitee van die Universiteit die bevoegdheid om 'n student na die volgende ondersteuningsdienste te verwys, met genoemde verwysings uitgereik in ooreenstemming met die dissiplinêre beleid se doelwitte van onderwys en versoening:

12.4.2.1 verwysing van die student na tersaaklike psigososiale ondersteuning, wat terapie of berading kan insluit; of

12.4.2.2 verwysing van die student na remediërende of ander dienste wat onder die omstandighede as redelik en regverdigbaar geag word vanuit 'n opvoedkundige perspektief in ooreenstemming met die institusionele kultuur en waardes van die Universiteit.

12.4.3 Die voorsitter van die tugliggaam moet die student in kennis stel van die strafmaatreël wat opgelê is en, indien van toepassing, of enige versoek om 'n appèl of hersiening in die tussentyd die bevinding of strafmaatreël sal opskort ingevolge die prosedure in paragraaf 12.3.27-12.3.29.

12.4.4 Die kennisgewing soos bedoel in paragraaf 12.4.2 moet skriftelik deur die Bestuurder: Studenteregsdienste bevestig word, met die student wat terselfdertyd in kennis gestel word van sy/haar reg om te appelleer teen of aansoek te doen vir hersiening van die bevinding of strafmaatreël of beide.

### 12.5 Prosedures vir ’n pleit van skuldig by summiere verrigtinge

12.5.1 Summiere verrigtinge kan plaasvind indien die geïmpliseerde student:

12.5.1.1 ’n eerste oortreder is; of

12.5.1.2 skuldig pleit aan die begin van die verrigtinge waar slegs die voorsitter van die dissiplinêreverhoorkomitee en die pro forma-aanklaer teenwoordig hoef te wees.

12.5.2 Die voorsitter moet tevrede wees dat die geïmpliseerde student die aanklagte teen hom/haar ten volle verstaan voordat hy die pleit van skuldig aanvaar.

12.5.3 In geval van paragraaf 12.5.1-12.5.2 kan die voorsitter besluit om nie voort te gaan met die dissiplinêre verhoor volgens die normale prosedure nie

### 12.6 Prosedures vir pleit- en strafooreenkomste

12.6.1 Die Bestuurder: Studenteregsdienste in sy/haar posisie as *dominus litis*, kan besluit dat ’n geïmpliseerde student ’n pleit- en strafooreenkoms moet aangaan, ingevolge die volgende proses:

12.6.1.1 Daar moet behoorlike oorlegpleging plaasvind tussen die Bestuurder: Studenteregsdienste of hul afgevaardigde en die geïmpliseerde student en sy/haar regsverteenwoordiger en die klaer met betrekking tot alle relevante aangeleenthede van die spesifieke saak; en

12.6.1.2 Indien alle partye instem tot die pleit- en strafooreenkoms word die voorgestelde ooreenkoms aan die dissiplinêreverhoorkomitee voorgelê vir oorweging.

12.6.2 Die voorsitter van ’n dissiplinêreverhoorkomitee word nie gebind deur die pleit- en strafooreenkoms nie en kan die ooreenkoms aanvaar of verwerp.

12.6.3 Indien die voorsitter van die dissiplinêreverhoorkomitee die pleit- en strafooreenkoms aanvaar, besluit die komitee oor die bepalings en voorwaardes van so ’n ooreenkoms, waarna die prosedure soos uiteengesit in paragraaf 12.4.2-12.4.3 geld.

12.6.4 Indien die voorsitter van die dissiplinêreverhoorkomitee die pleit- en strafooreenkoms verwerp, moet die saak op die gouste moontlike datum daarna na ’n nuwe dissiplinêreverhoorkomitee verwys word.

12.6.5 Die voorsitter van die dissiplinêreverhoorkomitee soos bedoel in paragraaf 12.6.4 mag nie bestaan uit dieselfde lede wat die pleit- en strafooreenkoms verwerp het nie.

### 12.7 Prosedures vir alternatiewe tugprosedures

12.7.1 Die bestuurder Studenteregsdienste, waar die omstandighede en meriete van ’n spesifieke aangeleentheid dit regverdig, verwys die aangeleentheid vir bemiddeling tussen die betrokke partye, mits beide partye tot die bemiddeling toestem.

12.7.2 Die funksionaris wat die saak ooreenkomstig paragraaf 12.7.1 vir bemiddeling verwys het, sal die bemiddelingsproses bepaal en kan ’n bemiddelaar aanstel of self as bemiddelaar optree en, waar die omstandighede en meriete van ’n spesifieke saak dit regverdig, ’n bemiddelaar met spesifieke kennis of kundigheid aanstel.

12.7.3 Tensy anders ooreengekom tussen alle betrokke partye, sal die koste van bemiddeling, indien enige, gedra word deur die student teen wie tugmaatreëls ingestel is.

### 12.8 Prosedures vir die versoek om ’n hersiening van, of ’n appèl teen, ’n besluit van ’n Dissiplinêreverhoorkomitee van die Universiteit

12.8.1 ’n Student wat skuldig bevind en gestraf is, kan skriftelik versoek om ’n hersiening van, of ’n appèl teen, die bevindings of strafmaatreël, of teen beide die bevindings en die strafmaatreël wat deur ’n dissiplinêreverhoorkomitee gemaak is deur ’n hersienings- of appèlversoek aan die Registrateur te rig.

12.8.2 ’n Student kan deur ’n ander persoon bygestaan word om so ’n versoek vir hersiening of appèl voor te berei.

12.8.3 Die geïmpliseerde student wat aansoek doen om ’n hersiening of ’n appèl aanteken, sal aanspreeklik wees vir die koste wat aangegaan word vir getranskribeerde dokumentasie of opnames.

12.8.4 ’n Skriftelike versoek om ’n hersiening/appèl moet binne 120 uur na ontvangs van die uitkomsbrief van die dissiplinêreverhoorkomitee ten aansien waarvan die hersiening of appèl aangevra word, by die Registrateur ingedien word, uitgesonderd naweke en openbare vakansiedae.

12.8.5 Die voorsitter van die appèl- of hersieningskomitee bepaal die prosedure wat gevolg moet word, mits dit aan die beginsels van natuurlike geregtigheid voldoen.

12.8.6 Wanneer ’n versoek soos bedoel in paragraaf 12.8.1 saam met die verslag soos bedoel in paragraaf 5 van hierdie handleiding ontvang word, roep die Registrateur ’n hersienings- of appèlkomitee byeen om die versoek te oorweeg.

12.8.7 Met die nodige sensitiwiteit vir ras, geslag, gestremdheid moet die hersienings- of appèlkomitee uit die volgende vier (04) lede bestaan:

| | |
|---|---|
| **Lid 01 (Voorsitter)** | ’n Voorsitter van die hersienings- of appèlkomitee wat ’n regspraktisyn moet wees soos uiteengesit in die Wet op Regspraktyk (2014) of ’n geskik gekwalifiseerde persoon met ten minste 10 jaar praktiese ondervinding in die regte en hoër onderwys. |
| **Lid 02** | Een (01) lid van die Raad |
| **Lid 03** | Een (01) lid van die Senaat |
| **Lid 04** | Een (01) lid van die Universiteitsbestuurskomitee |

12.8.8 Die hersienings- of appèlkomitee beoordeel slegs op grond van die dokumente oor die hersiening of appèl, en studentepartye en hul verteenwoordigers is nie teenwoordig tydens die beraadslaging van die komitee nie.

12.8.9 Persone wat lede was van die dissiplinêreverhoorkomitee wat aanvanklik ’n bepaalde saak aangehoor het, of wat by ’n vorige hersiening of appèl van ’n bepaalde saak betrokke was, of wat betrokke was by die aanklag of ondersoek van die genoemde saak, mag nie lede wees van die appèl- of hersieningskomitee nie.

12.8.10 Die hersienings- of appèlkomitee kan die aansoek om ’n hersiening of appèl in die geheel of gedeeltelik handhaaf of verwerp, en die bevinding of strafmaatreël of albei vervang na goeddunke.

## 12.9 Voortgesette aanspreeklikheid vir gelde

In alle gevalle van wangedrag en daaropvolgende tugmaatreëls wat mag heers ingevolge die bepalings van die Statuut, die Beleid en die Handleiding, insluitend die tydelike of permanente algehele of gedeeltelike opskorting van regte en voorregte, ingryping in, onderbreking of beëindiging van studies of nie-aanvaarding in ’n universiteitskoshuis of daghuis, verbeur die geïmpliseerde student enige eis op die terugbetaling, vermindering of kwytskelding van gelde en betalings wat aan die Universiteit uitbetaal is of nog betaalbaar is.

## 12.10 Aansoek vir hertoelating van ’n uitgesette student

12.10.1 ’n Student wat ingevolge die Beleid oor Dissipline en die Handleiding uitgesit is, kan aansoek doen om hertoelating tot die Universiteit nadat ’n tydperk van vyf (05) jaar ná sodanige strafmaatreël verloop het.

12.10.2 So ’n aansoek sal nie beskou word as ’n aansoek om tersydestelling van enige vorige skuldigbevinding of strafmaatreël nie.

12.10.3 Die aansoek moet skriftelik wees, met ’n volledige uiteensetting van die gronde waarop die aansoek gebaseer is en moet by die Registrateur ingedien word.

12.10.4 Die aansoek sal aangehoor word deur ’n komitee bestaande uit die volgende drie (03) lede:

| | |
|---|---|
| **Lid 01 (Voorsitter)** | Registrateur |
| **Lid 02** | Een (01) Adjunk-visekanselier |
| **Lid 03** | Een (01) Uitvoerende Dekaan van ’n Fakulteit waar die student nie aanvanklik ingeskryf was nie |

12.10.5 Die komitee soos bedoel in paragraaf 12.10.4 moet die volgende aspekte in ag neem wanneer ’n versoek om hertoelating oorweeg word:

12.10.5.1 aard en erns van die wangedrag;

12.10.5.2 die duur van die uitsetting;

12.10.5.3 die standpunte en houding van die klaer en enige ander belanghebbende party met betrekking tot die aansoek;

12.10.5.4 die graad van berou wat deur die aansoeker getoon is;

12.10.5.5 enige stappe wat deur die klaer geneem is, soos berading, terapie en opleiding om hom-/haarself te rehabiliteer;

12.10.5.6 die gedrag van die persoon na uitsetting; en

12.10.5.7 enige ander relevante feit.

12.10.6 Die komitee moet die aansoek en hul aanbeveling aan die Visekanselier of hul afgevaardigde voorlê vir finale goedkeuring, nadat hy oortuig is dat die hertoelating onder die omstandighede geregverdig is.

12.10.7 Indien die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde tevrede is met die aansoek en aanbeveling soos bedoel in paragraaf 12.10.1-12.10.3 en 12.10.5 en die aansoek ten gunste van die student goedkeur, moet die hertoelating ooreenkomstig paragraaf 71 van die Statuut en die Algemene Akademiese Reëls hanteer word.

# 13 Dissiplinêreverhoorkomitees van die <u>Verteenwoordigende Studenteraad, die Kampusstudenterade en ondergeskikte studenteleierskapstrukture</u>

## 13.1 Totstandbrenging

13.1.1 Die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde stig jaarliks die Dissiplinêreverhoorkomitees van die Verteenwoordigende Studenteraad (VSR), die Kampusstudenterade (KSR's) (een per kampus) en dié van die ondergeskikte studenteleierskapstrukture.

13.1.2 Die Dissiplinêreverhoorkomitee(s) vir relevante studenteleierskapstrukture ingestel ooreenkomstig die Statuut, die Institusionele Reëls oor Studentebestuur, en die Grondwet van die Verteenwoordigende Studenteraad van die Noordwes-Universiteit, soos dit betrekking het op die -

13.1.2.1 VSR word tot stand gebring om dissipline onder lede van die VSR, die KSR's, en die VSR-taakspanne en forums te handhaaf;

13.1.2.2 KSR's, word gestig om dissipline onder lede van die betrokke KSR en die ondergeskikte studenteleierskapstrukture van die betrokke SKK en kampus te handhaaf; en

13.1.2.3 ondergeskikte studenteleierskapstrukture, word daargestel om dissipline onder lede van die betrokke struktuur te handhaaf.

## 13.2 Samestelling

13.2.1 Met die nodige sensitiwiteit vir ras, geslag en gestremdheid bestaan die dissiplinêreverhoorkomitees vir Koshuislewe uit die volgende vyf (05) lede:

| | **VSR** | **KSR's** | **Ondergeskikte Studenteleierskapstrukture** |
|---|---|---|---|
| **Lid 01 (Voorsitter)** | VSR: Voorsitter | KSR: Betrokke voorsitter | Voorsitter, of ekwivalente posisie, van betrokke ondergeskikte studenteleierskapstruktuur |
| **Lid 02 en 03** | Twee (02) lede van die VSR, aangewys deur die VSR | Twee (02) lede van die betrokke KSR, aangewys deur KSR | Twee (02) lede van ondergeskikte betrokke studenteleierskapstruktuur, aangewys deur die struktuur |
| **Lid 04** | Een (01) geregistreerde senior student aangewys deur die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe, na oorlegpleging met die VSR: Voorsitter | Een (01) geregistreerde senior student van die betrokke kampus aangewys deur die Kampusdirekteur: Studentelewe, na oorlegpleging met die betrokke VSR: Voorsitter | Een (01) geregistreerde senior student van die betrokke kampus aangewys deur die Kampusdirekteur: Studentelewe, na oorlegpleging met die voorsitter van die betrokke struktuur |
| **Lid 05** | Uitvoerende Direkteur: Studentelewe | Kampusdirekteur: Studentelewe. (betrokke) | 'n Permanente werknemer soos aangewys deur die Kampusdirekteur: Studentelewe |

13.2.2 Die VSR, KSR's en elke ondergeskikte studenteleierskapstruktuur moet tydens hul konstitueringsvergaderings ’n poel van vier (04) studentelede van elke betrokke struktuur en kampus aanwys om op ’n rotasiebasis te dien op die relevante dissiplinêreverhoorkomitees soos bedoel in paragraaf 13.2.1.

13.2.3 Die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe en Kampusdirekteurs: Studentelewe moet jaarliks ’n poel van vyf (05) tot 20 (twintig) studente aanwys wat nie deel vorm van die VSR, die KSR of ’n ondergeskikte studenteleierskapstruktuur nie, om op ’n rotasiebasis te dien op die relevante dissiplinêreverhoorkomitees soos bedoel in paragraaf 13.2.1.

13.2.4 Indien die voorsitter of studentelede nie in staat is om op die dissiplinêreverhoorkomitee te dien nie, moet die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe vir aangeleenthede rakende die VSR, of Kampusdirekteur: Studentelewe vir aangeleenthede rakende die KSR en ondergeskikte studenteleierskapstrukture van die betrokke kampus, ’n geskikte studenteplaasvervanger aanwys uit ’n soortgelyke benaming soos aangedui in paragraaf 13.2.1, gedoen in oorleg met Studenteregsdienste.

## 13.3 Mandaat van die Dissiplinêreverhoorkomitees van die VSR, die KSR's en die ondergeskikte studenteleierskapstrukture

13.3.1 Die VSR het die mandaat om ’n kode van studentedissipline vir studenteleierskapstrukture te ontwikkel, te implementeer en daaroor toesig te hou soos dit betrekking het op die koördinering van studentelewe wat deur die VSR, die KSR's en die ondergeskikte studenteleierskapstrukture gedoen word.

13.3.2 Die dissiplinêreverhoorkomitees van die VSR, die KSR's en die ondergeskikte studenteleierskapstrukture het die mandaat om, waar relevant -

13.3.2.1 studentedissipline uit te oefen in ooreenstemming met sy mandaat en omvang van funksie binne die betrokke studenteleweomgewing en die betrokke kampus;

13.3.2.2 voldoende skakeling te verseker oor aangeleenthede wat verband hou met studentegedrag met die:

i. Uitvoerende Direkteur: Studentelewe vir aangeleenthede rakende die VSR;
ii. Kampusdirekteurs: Studentelewe vir aangeleenthede rakende die KSR's;
iii. Die aangestelde permanente werknemer soos bedoel in paragraaf 13.2.1 vir aangeleenthede rakende die betrokke struktuur; en

13.3.2.3 met Studenteregsdienste te skakel ten einde opleiding te verkry oor reëls, prosesse en aspekte wat relevant is vir studentegedrag en -dissipline.

13.3.3 Die Dissiplinêreverhoorkomitees van die VSR, KSR's en ondergeskikte studenteleierskapstrukture het die verpligting om enige oortreding wat buite hul mandaat val, soos uiteengesit in paragraaf 13.3.2, na die bestuurder van Studenteregsdienste te verwys vir verdere prosessering.

13.3.4 Indien ’n Dissiplinêreverhoorkomitee van die VSR, die KSR's of ’n ondergeskikte studenteleierskapstruktuur dissipline uitoefen oor gevalle van wangedrag waaroor hulle geen jurisdiksie het ingevolge hul mandaat soos aangedui in paragraaf 13.3.2 nie, behou die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde die gesag om sodanige dissiplinêre proses te hersien en tersyde te stel en om die aangeleentheid na die korrekte tugliggaam te verwys om die proses opnuut te begin.

## 13.4 Prosedures vir die rapportering en ondersoek, en aanhoor van gevalle van beweerde wangedrag wat deur ’n Dissiplinêreverhoorkomitee van die VSR, die KSR's en die ondergeskikte studenteleierskapstrukture oorweeg word

13.4.1 ’n Skriftelike klagte word aanhangig gemaak deur dit op ’n voorgeskrewe vorm by die ondervoorsitter of gelykwaardige posisie van die betrokke struktuur in te dien, wat soos volg as die aanklaer optree:

13.4.1.1 VSR-ondervoorsitter vir aangeleenthede rakende die VSR;

13.4.1.2 KSR-ondervoorsitter vir aangeleenthede rakende die KSR; en

13.4.1.3 ondervoorsitter of gelykwaardige posisie van die betrokke struktuur vir aangeleenthede rakende ’n ondergeskikte studenteleierskapstruktuur.

13.4.2 Die betrokke aanklaer voltooi die volgende prosesse:

13.4.2.1 versamel bewyse oor die beweerde wangedrag insluitend getuieverklarings, videomateriaal, opnames, ens.;

13.4.2.2 stel ’n verslag op vir oorweging deur die betrokke studenteleierskap-dissiplinêreverhoorkomitee; en

13.4.2.3 dien die getuienis en verslag soos bedoel in paragraaf 13.4.2.1-13.4.2.2 by Studenteregsdienste in vir finale oorweging en verwysing na die korrekte studenteleierskap-dissiplinêreverhoorkomitee.

13.4.3 Behoudens paragraaf 10.2 en ná toewysing van die saak aan ’n studenteleierskap-dissiplinêreverhoorkomitee deur Studenteregsdienste, sal die komitee, in ooreenstemming met die beginsels neergelê in paragraaf 7-9 en die prosedures soos uiteengesit in paragraaf 10 en 12.3, met die nodige wysigings, die verhoor uitvoer en aan Studenteregsdienste daaroor verslag doen.

13.4.4 Kennisgewing van die dissiplinêre verhoor deur ’n studenteleierskapstruktuur moet minstens 72 uur voor die verhoor aan die aangeklaagde student uitgereik word, en mag elektronies geskied in ooreenstemming met paragraaf 12.3.10 van die handleiding.

13.4.5 ’n Beskuldigde student wat van voorneme is om gebruik te maak van interne of eksterne verteenwoordiging as deel van die dissiplinêre verhoorprosedures ooreenkomstig paragraaf 7.3 van hierdie Handleiding, moet:

13.4.5.1 Skriftelike toestemming van die Bestuurder: Studenteregsdienste versoek, wat moet oorweeg of die meriete van die betrokke saak interne of eksterne verteenwoordiging regverdig.

13.4.5.2 Indien die Bestuurder: Studenteregsdienste ’n versoek om verteenwoordiging deur ’n beskuldigde student goedkeur, word die aangeleentheid na ’n Dissiplinêreverhoorkomitee van die Universiteit verwys vir verdere oorweging.

13.4.5.3 Indien die Bestuurder: Studenteregsdienste die versoek om verteenwoordiging deur ’n beskuldigde student verwerp, gaan die aangeleentheid voort met die student wat nie deur ’n interne of eksterne verteenwoordiger bygestaan word nie.

### 13.5 Wangedrag wat deur die Dissiplinêreverhoorkomitees van die VSR, die KSR's en die ondergeskikte studenteleierskapstruktuur oorweeg kan word

13.5.1 Die volgende gevalle van wangedrag kan oorweeg word deur die dissiplinêreverhoorkomitees van die VSR, die KSR's en die ondergeskikte studenteleierskapstrukture:

13.5.1.1 Nienakoming of oortreding van die reëls en prosedures van die VSR, die KSR's of ondergeskikte studenteleierskapstrukture soos aangedui in die Institusionele Reëls oor Studentebestuur, VSR-grondwet of ondergeskikte reëls wat deur die VSR ontwikkel en goedgekeur is, met inbegrip van:

i. verwaarlosing of nalaat van pligte, rolle en verantwoordelikhede soos gemeet aan die ooreengekome prestasieplan, of rolle en funksies soos uiteengesit in die VSR-grondwet of ondergeskikte reëls van die VSR;
ii. misbruik van fondse wat aan die betrokke struktuur toegewys is met ’n waarde van minder as R5 000;
iii. nie-bywoning van vergaderings, geleenthede en afsprake van die betrokke struktuur;
iv. nienakoming van vergaderingprosedures;
v. nie-indiening van dokumentasie en verslae op ooreengekome datums;
vi. misbruik van kommunikasiekanale en hulpbronne wat aan die betrokke struktuur toegewys is;
vii. bring die goeie naam van die betrokke struktuur in oneer;
viii. nienakoming van gedragskodes en gedragsriglyne vir studenteleierskapstrukture; en
ix. soortgelyke handelinge van nienakoming en oortredings wat binne die bestek van die studenteleierskapstruktuur val;

13.5.1.2 interpersoonlike verhoudinge binne die betrokke studenteleweomgewing;

13.5.1.3 gevalle van herhaalde nienakoming met betrekking tot die dissiplinêre meganismes soos bedoel in paragraaf 3.4 en 17 van die handleiding; of

13.5.1.4 enige ander aangeleenthede binne die bestek van die betrokke omgewing binne die studentelewe.

## 13.6 Strafmaatreëls wat deur die Dissiplinêreverhoorkomitees van die VSR, KSR, en ondergeskikte studenteleierskapstrukture opgelê kan word

13.6.1 Die Dissiplinêreverhoorkomitees van die VSR, KSR's of ondergeskikte studenteleierskapstrukture kan enige of ’n kombinasie van die volgende strafmaatreëls oplê wat in oorleg met Studenteregsdienste bepaal word:

13.6.1.1 uitreiking van skriftelike waarskuwings;

13.6.1.2 aanbeveling van verbeteringsmaatreëls en die stel van randvoorwaardes daarvoor;

13.6.1.3 die implementering van regstellende stappe wat daarop gemik is om die situasie op te los wat weens die oortreding of nienakoming ontstaan het;

13.6.1.4 die oplegging van redelike boetes toepaslik vir die oortreding, wat nie R5 000 mag oorskry nie;

13.6.1.5 tydelik herroeping van voorregte rakende die studenteleierskapstruktuur op ’n wyse wat redelik en effektief is in verhouding tot die erns van die wangedrag, en wat nie ’n tydperk van één maand oorskry nie; of

13.6.1.6 beëindiging van lidmaatskap van die betrokke struktuur.

## 13.7 Prosedure om ’n versoek te rig vir die hersiening of appèl teen bevindings of strafmaatreëls van ’n Dissiplinêreverhoorkomitee van die VSR, KSR of ondergeskikte studenteleierskapstrukture

### 13.7.1 Prosedure vir ’n hersiening van of appèl teen bevindings van die <u>Dissiplinêreverhoorkomitee van die VSR</u>

13.7.1.1 In ooreenstemming met die proses soos bedoel in paragraaf 12.8, en met die nodige wysigings, kan ’n student ’n versoek by die Registrateur indien vir ’n hersiening van of appèl teen die strafmaatreël en/of bevindings van die uitkoms van ’n dissiplinêreverhoorkomitee van die VSR.

13.7.1.2 Met die nodige inagneming van ras en geslag moet die Registrateur by ontvangs van die versoek ’n komitee byeenroep wat bestaan uit die volgende vier (04) lede:

| | |
|---|---|
| **Lid 01 (Voorsitter)** | Visekanselier of sy/haar afgevaardigde wat nie die Registrateur mag wees nie |
| **Lid 02** | Een (01) lid van en aangewys deur die Universiteitsbestuurskomitee wat nie deel uitgemaak het van die aanvanklike dissiplinêreverhoorkomitee nie |
| **Lid 03 en 04** | Twee (02) lede van die VSR wat nie deel uitgemaak het van die aanvanklike dissiplinêreverhoorkomitee nie |

### 13.7.2 Prosedure vir ’n hersiening van of appèl teen bevindings van die Dissiplinêreverhoorkomitees van die <u>KSR's en ondergeskikte studenteleierskapstrukture</u>

13.7.2.1 In ooreenstemming met die proses soos bedoel in paragraaf 12.8, en met die nodige wysigings, kan ’n student ’n versoek by die Adjunk-visekanselier Kampusbedrywighede van die betrokke kampus indien vir ’n hersiening van of appèl teen die strafmaatreël en/of bevindings van die uitkoms van ’n dissiplinêreverhoorkomitee van die KSR of ondergeskikte studenteleierskapstruktuur.

13.7.2.2 Met die nodige inagneming van ras en geslag moet die betrokke Adjunk-visekanselier by ontvangs van die versoek ’n komitee byeenroep wat bestaan uit die volgende vier (04) lede:

| | |
|---|---|
| **Lid 01 (Voorsitter)** | Adjunk-visekanselier: Kampusbedrywighede van ’n ander kampus |
| **Lid 02** | ’n Lid van die betrokke Kampusbestuurskomitee aangewys deur die relevante Kampus-AVK |
| **Lid 03 en 04** | Twee (2) lede van die betrokke KSR of die betrokke studenteleierskapstruktuur wat nie deel uitmaak van die Dissiplinêreverhoorkomitee van die betrokke struktuur nie. |

## 14 Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitees; en

### 14.1 Totstandbrenging

14.1.1 Die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde bring jaarliks die Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitees tot stand vir elk van die universiteitskoshuise en daghuise van die Universiteit.

14.1.2 Die Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitees word tot stand gebring om dissipline toe te pas, en wel soos volg:

14.1.2.1 binne die universiteitskoshuis- en daghuisomgewing met betrekking tot die relevante reëls en versekering van die nakoming daarvan; en

14.1.2.2 met betrekking tot die huiskomitees van universiteitskoshuise en daghuise wat tot stand gebring is in ooreenstemming met die Institusionele Reëls oor Studentebestuur en die Grondwet van die Studenteraad, rakende die vervulling van hul rolle en funksies.

### 14.2 Samestelling

14.2.1 Met die nodige sensitiwiteit vir ras, geslag en gestremdheid bestaan die dissiplinêreverhoorkomitees vir Koshuislewe uit die volgende vyf (05) lede:

| | |
|---|---|
| **Lid 01 (Voorsitter)** | Die betrokke Kampusdirekteur: Studentelewe, of afgevaardigde Huisouer aangewys deur die Kampusdirekteur: Studentelewe in oorleg met SRD (wat nie die huisouer van die betrokke universiteitskoshuis of daghuis mag wees nie). |
| **Lid 02** | Huisouer van die betrokke universiteitskoshuis of daghuis. |
| **Lid 03** | ’n Permanente werknemer van die Universiteit, aangewys deur die betrokke Kampusdirekteur: Studentelewe. |
| **Lid 04** | Een (01) senior student van ’n ander universiteitskoshuis of daghuis, aangewys deur die betrokke Kampusdirekteur: Studentelewe. |
| **Lid 05** | Een (01) senior student van die betrokke universiteitskoshuis of daghuis, aangewys deur die betrokke Huisouer. |

14.2.2 Die Kampusdirekteur: Studentelewe moet jaarliks ’n poel huisouers, permanente werknemers en senior studente aanstel om op ’n rotasiebasis te dien op die dissiplinêreverhoorkomitees soos bedoel in paragraaf 14.2.1

### 14.3 Mandaat van die Koshuise se Dissiplinêreverhoorkomitees

14.3.1 ’n Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee het die mandaat om dissipline uit te oefen oor die inwoners of lede van die betrokke universiteitskoshuis of daghuis; en wel soos volg:

14.3.1.1 om nakoming en gehoorsaming van die reëls en prosedures vir die universiteitskoshuise en daghuise soos goedgekeur deur die universiteitsbestuurskomitee of relevante operasionele lynfunksie te verseker;

14.3.1.2 om voldoende skakeling oor aangeleenthede rakende studentegedrag met die huisouer, kampusdirekteur: studentelewe, en ander strukture relevant tot die Koshuislewe- en Studenteleweomgewing te verseker; en

14.3.1.3 om met Studenteregsdienste te skakel ten einde opleiding te verkry oor reëls, prosesse en aspekte met betrekking tot studentegedrag en -dissipline.

14.3.2 ’n Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee het die verpligting om enige oortreding wat buite hul mandaat val, soos uiteengesit in paragraaf 14.3.1, na die bestuurder van Studenteregsdienste te verwys vir verdere prosessering.

14.3.3 Indien ’n Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee dissipline uitoefen oor gevalle van wangedrag waaroor hulle geen jurisdiksie het ingevolge hul mandaat soos aangedui in paragraaf 14.3.1 nie, behou die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde die gesag om sodanige dissiplinêre proses te hersien en tersyde te stel en om die aangeleentheid na die korrekte tugliggaam te verwys om die proses opnuut te begin.

## 14.4 Prosedures vir die rapportering en ondersoek, en aanhoor van gevalle van beweerde wangedrag wat deur ’n Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee oorweeg word

14.4.1 ’n Skriftelike klagte word aanhangig gemaak deur dit op ’n voorgeskrewe vorm by die onderprimarius/-primaria van die universiteitskoshuis of daghuis in te dien, wat as die aanklaer optree.

14.4.2 Die betrokke aanklaer voltooi die volgende prosesse:

14.4.2.1 versamel bewyse oor die beweerde wangedrag insluitend getuieverklarings, videomateriaal, opnames, ens.;

14.4.2.2 stel ’n verslag op vir oorweging deur die betrokke Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee; en

14.4.2.3 dien die getuienis en verslag soos bedoel in paragraaf 14.4.2.1-14.4.2.2 by Studenteregsdienste in vir finale oorweging en verwysing na die korrekte Dissiplinêreverhoorkomitee.

14.4.3 Behoudens paragraaf 10.2 van die handleiding, en ná toewysing van die saak aan ’n Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee deur Studenteregsdienste, sal die komitee, in ooreenstemming met die beginsels neergelê in paragraaf 7-9 en die prosedures soos uiteengesit in paragraaf 10 en 12.3, met die nodige wysigings, die verhoor uitvoer en aan Studenteregsdienste daaroor verslag doen.

14.4.4 Kennisgewing van die dissiplinêre verhoor deur ’n Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee moet minstens 72 uur voor die verhoor aan die aangeklaagde student uitgereik word, en mag elektronies geskied in ooreenstemming met paragraaf 12.3.10 van die handleiding.

14.4.5 ’n Beskuldigde student wat van voorneme is om gebruik te maak van interne of eksterne verteenwoordiging as deel van die dissiplinêre verhoorprosedures ooreenkomstig paragraaf 7.3 van hierdie Handleiding, moet:

14.4.5.1 Skriftelike toestemming van die Bestuurder: Studenteregsdienste versoek, wat moet oorweeg of die meriete van die betrokke saak interne of eksterne verteenwoordiging regverdig.

14.4.5.2 Indien die Bestuurder: Studenteregsdienste ’n versoek om verteenwoordiging deur ’n beskuldigde student goedkeur, word die aangeleentheid na ’n Dissiplinêreverhoorkomitee van die Universiteit verwys vir verdere oorweging.

14.4.5.3 Indien die Bestuurder: Studenteregsdienste die versoek om verteenwoordiging deur ’n beskuldigde student verwerp, gaan die aangeleentheid voort met die student wat nie deur ’n interne of eksterne verteenwoordiger bygestaan word nie.

## 14.5 Wangedrag wat deur die Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee oorweeg kan word

14.5.1 Die volgende gevalle van wangedrag kan oorweeg word deur die Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitees:

14.5.1.1 oortreding of nienakoming van die reëls en prosedures van die universiteitskoshuise en daghuise soos goedgekeur deur die universiteitsbestuurskomitee of relevante operasionele lynfunksie;

14.5.1.2 misbruik van universiteitskoshuis- of daghuisverwante infrastruktuur, fasiliteite en hulpbronne, met inbegrip van breekskade, skade, of misbruik van noodtoerusting, met ’n maksimum waarde van R5 000;

14.5.1.3 Versteuring van die bevorderlike leef- en leeromgewing van ’n universiteitskoshuis of daghuis, met inbegrip van oormatige geraas, nienakoming van reëlings rakende higiëne en sindelikheid, verontagsaming van aangewese rook- en drankareas;

14.5.1.4 Interpersoonlike verhoudings en kwessies tussen inwoners of lede van die universiteitskoshuis of daghuis, wat nie wangedrag uitmaak soos bedoel in paragraaf 12.2.1.4, 12.2.2.14-12.2.2.16 van die handleiding nie;

14.5.1.5 Wangedrag wat in die konteks van die universiteitskoshuis of daghuis die goeie naam van die universiteitskoshuis of daghuis in oneer bring;

14.5.1.6 Nalaat van pligte en funksies deur huiskomiteelede soos uiteengesit in die relevante reëls voorsien deur die VSR en KSR of soos ooreengekom in die prestasieooreenkoms tussen die Huisouer en die betrokke huiskomiteelid;

14.5.1.7 gevalle van herhaalde nienakoming met betrekking tot die dissiplinêre meganismes vir Koshuislewe soos bedoel in paragraaf 3.4 en 17 van die handleiding; of

14.5.1.8 enige ander aangeleenthede binne die bestek van die Koshuislewe-omgewing.

### 14.6 Strafmaatreëls wat opgelê kan word deur ’n Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee

14.6.1 Die Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitees kan enige of ’n kombinasie van die volgende strafmaatreëls oplê wat in oorleg met Studenteregsdienste bepaal word:

14.6.1.1 uitreiking van skriftelike waarskuwings;

14.6.1.2 aanbeveling van gedragsverbeteringsmaatreëls en die stel van randvoorwaardes daarvoor;

14.6.1.3 die implementering van regstellende stappe wat daarop gemik is om die situasie op te los wat weens die oortreding of nienakoming ontstaan het;

14.6.1.4 tydelike of permanente herroeping van voorregte rakende die Koshuislewe-omgewing op ’n wyse wat redelik en effektief is in verhouding tot die erns van die wangedrag;

14.6.1.5 die oplegging van redelike boetes toepaslik vir die oortreding, wat nie R5 000 mag oorskry nie;

14.6.1.6 toewysing van redelike ure van gemeenskapsdiens wat verband hou met ’n amptelike universiteitsgemeenskapsbetrokkenheidsprojek, wat toepaslik is vir die oortreding of nienakoming; en

14.6.1.7 beëindiging van lidmaatskap van ’n huiskomiteelid van die betrokke universiteitskoshuis of daghuis.

14.6.2 Benewens die strafmaatreëls soos bedoel in paragraaf 14.6.1 hierbo het die Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee die bevoegdheid om ’n student vir psigososiale berading, terapie, en ander relevante ondersteuning te verwys, met genoemde verwysings uitgereik in ooreenstemming met die dissiplinêre beleid se doelwitte van onderwys en versoening.

### 14.7 Prosedure om ’n versoek in te dien vir ’n hersiening van, of ’n appèl teen, bevindings of strafmaatreëls van ’n Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee

#### 14.7.1 Prosedure vir ’n hersiening van of appèl teen bevindings van ’n Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee

14.7.1.1 In ooreenstemming met die proses soos bedoel in paragraaf 12.8, en met die nodige wysigings, kan ’n student ’n versoek by die betrokke Adjunk-visekanselier: Kampusbedrywighede indien vir ’n hersiening van of appèl teen die strafmaatreël en/of bevindings van die uitkoms van ’n Koshuislewe-dissiplinêreverhoorkomitee van die VSR.

14.7.1.2 Met die nodige inagneming van ras en geslag moet die betrokke Adjunk-visekanselier in oorleg met Studenteregsdienste by ontvangs van die versoek ’n komitee byeenroep wat bestaan uit die volgende lede:

| | |
|---|---|
| **Lid 01 (Voorsitter)** | Adjunk-visekanselier: Kampusbedrywighede |
| **Lid 02** | ’n Huisouer nié van die betrokke universiteitskoshuis of daghuis nie. |
| **Lid 03 en 04** | Twee (02) lede van die betrokke KSR wat die KSR: Koshuisbeampte moet insluit, mits hierdie lid nie die beskuldigde is nie. |

## 15 Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee

### 15.1 Totstandbrenging

15.1.1 Die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde bring jaarliks ’n Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee tot stand vir elk van die drie kampusse van die Universiteit.

15.1.2 Die Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitees word tot stand gebring om dissipline uit te oefen in gevalle van wangedrag of nienakoming wat nie binne die bestek val van die dissiplinêreverhoorkomitees wat ingevolge paragraaf 13 en 14 van die handleiding tot stand gebring is nie, maar nie vereis dat die aangeleentheid aangehoor word deur die NWU se Dissiplinêreverhoorkomitee wat ingevolge paragraaf 12 van die handleiding tot stand gebring is nie.

### 15.2 Samestelling

15.2.1 Met die nodige sensitiwiteit vir ras, geslag en gestremdheid bestaan die dissiplinêreverhoorkomitees vir Studentelewe uit die volgende vyf (05) lede:

| | |
|---|---|
| **Lid 01 (Voorsitter)** | Betrokke Kampusdirekteur: Studentelewe |
| **Lid 02 en 03** | Twee (02) permanente werknemers van die Universiteit op minstens die vlak van junior bestuurder, aangewys deur die relevante Kampusdirekteur: Studentelewe |
| **Lid 04 en 05** | Een (01) senior student aangewys deur die betrokke KSR. |
| | Een (01) senior student aangewys deur die betrokke Kampusdirekteur: Studentelewe. |

15.2.2 Elke Kampusdirekteur: Studentelewe moet jaarliks ’n poel senior studente en permanente werknemers aanstel om op ’n rotasiebasis te dien op die Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee soos bedoel in paragraaf 15.2.1.

15.2.3 Elke KSR moet op sy konstitueringsvergadering ’n poel senior studente aanstel om op ’n rotasiebasis te dien op die Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee soos bedoel in paragraaf 15.2.1.

### 15.3 Mandaat van die Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee

15.3.1 Die Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitees het die mandaat om dissipline uit te oefen oor die algemene studentegemeenskap van die betrokke kampus, en wel soos volg:

15.3.1.1 om dissipline binne die studentegemeenskap uit te oefen met betrekking tot aangeleenthede wat nie duidelik binne die mandaat val van die dissiplinêreverhoorkomitees wat ingevolge paragraaf 13 en 14 van die handleiding tot stand gebring is nie, en wat van so ’n aard is dat dit nie aangehoor hoef te word deur ’n dissiplinêreverhoorkomitee wat tot stand gebring is ingevolge paragraaf 12 van die handleiding nie;

15.3.1.2 om nakoming en gehoorsaming van die reëls en prosedures van die Universiteit te verseker, met inbegrip van dié wat relevant is vir die Studentelewe en Koshuislewe, soos goedgekeur deur die universiteitsbestuurskomitee of relevante lynfunksie; of

15.3.1.3 om met Studenteregsdienste te skakel ten einde opleiding te verkry oor reëls, prosesse en aspekte met betrekking tot studentegedrag en -dissipline.

15.3.2 ’n Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee het die verpligting om enige oortreding wat buite hul mandaat val, soos uiteengesit in paragraaf 15.3.1, na die bestuurder van Studenteregsdienste te verwys vir verdere prosessering.

15.3.3 Indien ’n Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee dissipline uitoefen oor gevalle van wangedrag waaroor hulle geen jurisdiksie het ingevolge hul mandaat soos aangedui in paragraaf 15.3.1 nie, behou die Visekanselier of sy/haar afgevaardigde die gesag om sodanige dissiplinêre proses te hersien en tersyde te stel en om die aangeleentheid na die korrekte tugliggaam te verwys om die proses opnuut te begin.

### 15.4 Prosedures vir die rapportering en ondersoek, en aanhoor van gevalle van beweerde wangedrag wat deur ’n Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee oorweeg word

15.4.1 ’n Skriftelike klagte word aanhangig gemaak deur dit op ’n voorgeskrewe vorm by Studenteregsdienste in te dien; die Bestuurder: Studenteregsdienste wys ’n aanklaer vir die saak aan.

15.4.2 Die betrokke aanklaer voltooi die volgende prosesse:

15.4.2.1 versamel bewyse oor die beweerde wangedrag insluitend getuieverklarings, videomateriaal, opnames, ens.; en

15.4.2.2 stel ’n verslag op vir oorweging deur die Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee.

15.4.3 Behoudens paragraaf 10.2 van die handleiding sal Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee, in ooreenstemming met die beginsels neergelê in paragraaf 7-9 en die prosedures soos uiteengesit in paragraaf 10 en 12.3, met die nodige wysigings, die verhoor uitvoer en aan Studenteregsdienste daaroor verslag doen.

15.4.4 Kennisgewing van die dissiplinêre verhoor deur ’n Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee moet minstens 72 uur voor die verhoor aan die aangeklaagde student uitgereik word, en mag elektronies geskied in ooreenstemming met paragraaf 12.3.10 van die handleiding.

### 15.5 Wangedrag wat deur die Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee oorweeg kan word

15.5.1 Die volgende gevalle van wangedrag, wat soortgelyk is aan die wangedrag soos bedoel in paragraaf 13.5 en 14.5, met betrekking tot:

15.5.1.1 nienakoming of oortreding van die reëls en prosedures van die VSR, die KSR's of ondergeskikte studenteleierskapstrukture soos aangedui in die Institusionele Reëls oor Studentebestuur, VSR-grondwet of ondergeskikte reëls wat deur die VSR ontwikkel en goedgekeur is;

15.5.1.2 oortreding of nienakoming van die reëls en prosedures van die universiteitskoshuise en daghuise soos goedgekeur deur die universiteitsbestuurskomitee of relevante operasionele lynfunksie;

15.5.1.3 misbruik van universiteitskoshuis- of daghuisverwante infrastruktuur, fasiliteite en hulpbronne, met inbegrip van breekskade, skade, of misbruik van noodtoerusting, met ’n maksimum waarde van R5 000;

15.5.1.4 versteuring van die bevorderlike leef- en leeromgewing van ’n universiteitskoshuis of daghuis, met inbegrip van oormatige geraas, nienakoming van reëlings rakende higiëne en sindelikheid, verontagsaming van aangewese rook- en drankareas;

15.5.1.5 interpersoonlike verhoudings en kwessies tussen lede van die studentegemeenskap, wat nie wangedrag uitmaak soos bedoel in paragraaf 12.2.1.4, 12.2.2.14-12.2.2.16 van die handleiding nie;

15.5.1.6 wangedrag wat in die konteks van Studentelewe die goeie naam van die Studentelewe- of Koshuislewe-ko-kurrikulêre program van ’n studenteleierskapstruktuur in oneer sou bring; of

15.5.1.7 enige ander aangeleenthede binne die bestek van die betrokke omgewing binne die Studentelewe of die Koshuislewe.

### 15.6 Strafmaatreëls wat opgelê kan word deur ’n Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee

15.6.1 ’n Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee kan enige of ’n kombinasie van die volgende strafmaatreëls oplê wat in oorleg met Studenteregsdienste bepaal word:

15.6.1.1 uitreiking van skriftelike waarskuwings;

15.6.1.2 aanbeveling van gedragsverbeteringsmaatreëls en die stel van randvoorwaardes daarvoor;

15.6.1.3 die implementering van regstellende stappe wat daarop gemik is om die situasie op te los wat weens die oortreding of nienakoming ontstaan het;

15.6.1.4 tydelike of permanente herroeping van voorregte rakende die Studentelewe- of Koshuislewe-ko-kurrikulêre program op ’n wyse wat redelik en effektief is in verhouding tot die erns van die wangedrag;

15.6.1.5 die oplegging van redelike boetes toepaslik vir die oortreding, wat nie R5 000 mag oorskry nie; of

15.6.1.6 toewysing van redelike ure van gemeenskapsdiens wat verband hou met ’n amptelike universiteitsgemeenskapsbetrokkenheidsprojek, wat toepaslik is vir die oortreding of nienakoming.

15.6.2 Benewens die strafmaatreëls soos bedoel in paragraaf 15.6.1 hierbo het die Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee die bevoegdheid om ’n student vir psigososiale berading, terapie, en ander relevante ondersteuning te verwys, met genoemde verwysings uitgereik in ooreenstemming met die dissiplinêre beleid se doelwitte van onderwys en versoening.

### 15.7 Prosedure om ’n versoek in te dien vir ’n hersiening van, of ’n appèl teen, bevindings of strafmaatreëls van ’n Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee

15.7.1 In ooreenstemming met die proses soos bedoel in paragraaf 12.8, en met die nodige wysigings, kan ’n student ’n versoek by die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe indien vir ’n hersiening van of appèl teen die strafmaatreël en/of bevindings van die uitkoms van ’n Studentelewe-dissiplinêreverhoorkomitee.

15.7.2 Met die nodige inagneming van ras en geslag moet die Uitvoerende Direkteur: Studentelewe in oorleg met Studenteregsdienste by ontvangs van die versoek ’n komitee byeenroep wat bestaan uit die volgende vier (04) lede;

| | |
|---|---|
| **Lid 01 (Voorsitter)** | Uitvoerende Direkteur: Studentelewe |
| **Lid 02** | Adjunk-visekanselier: Kampusbedrywighede van die betrokke kampus |
| **Lid 03** | ’n Kampusdirekteur: Studentelewe van ’n ander kampus |
| **Lid 04** | Een (01) VSR-lid aangewys deur die betrokke VSR. |

## 16 Ad hoc-dissiplinêreverhoorkomitees wat ingevolge paragraaf 5.3 van die Beleid oor Studentedissipline tot stand gebring is

### 16.1 Totstandbrenging

Ingevolge paragraaf 5.3 van die Beleid het die Visekanselier die bevoegdheid om 'n ad hoc dissiplinêre komitee tot stand te bring in gevalle waar tugmaatreëls vereis word wat nie duidelik binne die bestek val van 'n dissiplinêreverhoorkomitee wat ingevolge paragraaf 5.2 van die beleid tot stand gebring is nie, of wat andersins binne die bestek van twee of meer van daardie komitees val.

### 16.2 Samestelling

16.2.1 Met die nodige sensitiwiteit vir ras, geslag, gestremdheid bring die Visekanselier 'n ad hoc-dissiplinêreverhoorkomitee bestaande uit die volgende drie (03) lede tot stand:

| | |
|---|---|
| **Lid 01 (Voorsitter)** | Bepaal op grond van die aard van die wangedrag, in oorleg met die Registrateur en Bestuurder Studenteregsdienste |
| **Lid 02** | Een (01) permanent aangestelde akademiese personeellid op minstens die vlak van senior lektor. |
| **Lid 03** | Een (01) permanent aangestelde ondersteuningspersoneellid op minstens die vlak van senior lektor. |

16.2.2 16.1.2 'n Lid van die dissiplinêreverhoorkomitee mag geen belang by die aangeleentheid of verrigtinge hê nie.

16.2.3 16.1.3 Die pro forma-aanklaer wat ingevolge paragraaf 10.2.3 deur die bestuurder Studenteregsdienste aangewys word, neem nie deel aan die besluitneming van die dissiplinêreverhoorkomitee nie.

16.2.4 16.1.4 Die bestuurder Studenteregsdienste moet 'n sekretaris aanwys om die verrigtinge op rekord te stel, wat 'n permanente werknemer van die Universiteit moet wees wat deel uitmaak van Studenteregsdienste.

### 16.3 Mandaat van 'n ad hoc-dissiplinêreverhoorkomitee

'n Ad hoc dissiplinêre verhoorkomitee verkry sy mandaat van die Visekanselier as die hoof dissiplinêre beampte.

### 16.4 Prosedure van ad hoc dissiplinêre komitees

Die verrigtinge van 'n ad hoc-dissiplinêreverhoorkomitee moet voldoen aan die prosedures vir 'n Dissiplinêreverhoorkomitee van die Universiteit soos bedoel in paragraaf 12 van die Handleiding.

### 16.5 Strafmaatreëls wat aanbeveel kan word deur 'n ad hoc-dissiplinêreverhoorkomitee

'n Ad hoc-dissiplinêreverhoorkomitee kan enige of 'n kombinasie van die strafmaatreëls wat in paragraaf 12 van die Handleiding bedoel word, oplê.

### 16.6 Prosedure om 'n versoek in te dien vir 'n hersiening van, of 'n appèl teen, bevindings of strafmaatreëls van 'n ad hoc-dissiplinêreverhoorkomitee

In ooreenstemming met die proses soos bedoel in paragraaf 12.8 van die Handleiding kan 'n student 'n versoek indien vir 'n hersiening van of appèl teen die strafmaatreël en/of bevindings van die uitkoms van 'n ad hoc-dissiplinêreverhoorkomitee.

# DISSIPLINÊRE MEGANISMES INGEVOLGE PARAGRAAF 5.6 VAN DIE BELEID OOR STUDENTEDISSIPLINE

## 17 Reëls en Prosedures vir Dissiplinêre Meganismes en Strafmaatreëls in Gevalle van Nienakoming

### 17.1 Mandaat om die dissiplinêre meganisme toe te pas

17.1.1 Die dissiplinêre meganismes waarna verwys word in paragraaf 5.6 van die Beleid oor Studentedissipline is van toepassing op gevalle van nienakoming van spesifieke reëls wat as wangedrag beskou word soos bedoel in paragraaf 13-15 van die Handleiding.

17.1.2 ŉ Gestandaardiseerde stel dissiplinêre meganismes moet deur die Universiteitsbestuurskomitee ontwikkel en goedgekeur word vir gevalle van nienakoming van reëls wat as wangedrag beskou word soos bedoel in paragraaf 14 en 15 van die Handleiding en moet die verwante straf vir elke geval van nienakoming aandui.

17.1.3 ŉ Gestandaardiseerde stel dissiplinêre meganismes moet deur die Verteenwoordigende Studenteraad in oorleg met die Kampusstudenteraad ontwikkel en goedgekeur word vir gevalle van nienakoming van reëls wat as wangedrag beskou word soos bedoel in paragraaf 13 van die Handleiding en moet die verwante straf vir elke geval van nienakoming aandui.

17.1.4 Die volgende administrateurs word deur die Visekanselier gedelegeer om die dissiplinêre meganismes te administreer:

| | Dissiplinêre meganismes ingevolge paragraaf 13: VSR, KSR en ondergeskikte studenteleierskapstrukture | Dissiplinêre meganismes ingevolge paragraaf 14: Koshuislewe | Dissiplinêre meganismes ingevolge paragraaf 15: Studentelewe |
|---|---|---|---|
| **Werknemeradministrateurs** | - | Betrokke Huisouer | Kampusdirekteur: Studentelewe |
| **Studenteadministrateurs** | Voorsitter (of ekwivalente posisie) van betrokke struktuur | Betrokke primarii | - |

### 17.2 Prosedures vir die rapportering en bevestiging van beweerde gevalle van nienakoming, en die oplegging van strawwe

17.2.1 ŉ Klagte van beweerde nienakoming word ingedien by die aanklaer van die betrokke omgewing soos aangedui onder paragraaf 13-15 van die Handleiding.

17.2.2 Die betrokke aanklaer:

17.2.2.1 by ontvangs van die klagte, versamel die relevante materiaal wat die nienakoming bevestig soos bedoel in paragraaf 17.1.2 en 17.1.3 van die handleiding, insluitend getuieverklarings, videomateriaal, opnames, ens.

17.2.2.2 lig die geïmpliseerde student van die klagte en beweerde geval van nienakoming in om vas te stel of die student die daad van nienakoming gepleeg het;

17.2.2.3 identifiseer en beveel ŉ straf aan soos bedoel onder die voorafbepaalde strawwe wat in paragraaf 17.3 aangedui word; en

17.2.2.4 stel ŉ verslag op en dien dit in oor die beweerde geval van nienakoming wat die inligting bevat wat in paragraaf 17.2.2.1 en 17.2.2.3 bedoel word vir oorweging deur die betrokke administrateur soos aangedui in paragraaf 17.1.4 van die handleiding.

17.2.3 Die betrokke administrateur moet:

17.2.3.1 by ontvangs van die verslag, hom-/haarself vergewis van die beweerde nienakoming en dat die bewyse wat verskaf word die daad van nienakoming bevestig;

17.2.3.2 hierna oorweeg of die toepaslike straf geïdentifiseer is vir die geval van nienakoming; en

17.2.3.3 indien die administrateur tevrede is met die vereistes van paragraaf 17.2.3.1 en 17.2.3.2 hierbo, voortgaan om die nienakoming te bevestig en die straf op te lê.

17.2.4 Na die voltooiing van die proses soos uiteengesit in paragraaf 17.2.3 hierbo, moet die geïmpliseerde student aan wie die straf opgelê word skriftelik deur die aanklaer in kennis gestel word deur gebruik te maak van die dokumentasie soos voorgeskryf deur Studenteregsdienste.

### 17.3 Strawwe wat opgelê kan word deur dissiplinêre meganismes

17.3.1 Die volgende strawwe met betrekking tot gevalle van nienakoming kan ingesluit word by die dissiplinêre meganismes wat verskaf word deur die universiteitsbestuurskomitee en die VSR wat onder paragraaf 17.1.2 en 17.1.3 aangedui word:

17.3.1.1 uitreiking van gestandaardiseerde skriftelike waarskuwings deur Studenteregsdienste;

17.3.1.2 aanbeveling van gedragsverbeteringsmaatreëls en die stel van randvoorwaardes daarvoor wat relevant is vir die daad van nienakoming, soos aanbeveel deur Studenteregsdienste; of

17.3.1.3 die oplegging van redelike boetes wat vooraf bepaal word en wat met elke geval van wangedrag kan toeneem.

17.3.2 Die gestandaardiseerde stel dissiplinêre meganismes, met paragraaf 4.4 van die Beleid oor Studentedissipline as grondslag, kan meer as een geval van nienakoming van relevante reëls toelaat, met veelvuldige gevalle van nienakoming wat akkumulatief tot 'n dissiplinêre verhoor lei soos bedoel in paragraaf 13-15 van die handleiding.

### 17.4 Geskille oor gevalle van beweerde nienakoming en verwante strawwe

17.4.1 Indien 'n geïmpliseerde student die nienakoming of die straf betwis, kan hy/sy 'n skriftelike dispuut soos volg indien:

| | **Geskille rakende dissiplinêre meganismes ingevolge paragraaf 13: VSR, KSR en ondergeskikte studenteleierskapstrukture** | **Geskille rakende dissiplinêre meganismes ingevolge paragraaf 14: Koshuislewe** | **Geskille rakende dissiplinêre meganismes ingevolge paragraaf 15: Studentelewe** |
|---|---|---|---|
| **Geskil voorgelê aan:** | Kampusdirekteur: Studentelewe | Kampusdirekteur: Studentelewe | Uitvoerende Direkteur: Studentelewe<br>Of Adjunk-visekanselier Kampusbedrywighede |

17.4.2 'n Student wat 'n dispuut verklaar, moet redes verskaf waarom die nienakoming nie plaasgevind het nie of waarom die betrokke straf nie opgelê behoort te word nie.

17.4.3 Op grond van die verslag soos bedoel in paragraaf 17.2.2 van die handleiding word die dispuut oorweeg deur die rolspeler wat in paragraaf 17.4.1 vir die betrokke omgewing geïdentifiseer is en kan addisionele inligting van die relevante belanghebbendes versoek word om te help met die oorweging.

Die betrokke rolspeler kan die voorkoms van nienakoming of die aanbevole straf bevestig of verwerp, of die aangeleentheid na Studenteregsdienste toe verwys om opnuut deur die betrokke dissiplinêreverhoorkomitee oorweeg te word.

Original details: (11664754) C:\Users\11664754\OneDrive - North-West University\Policies\2024\Student Discipline\Manual\NWU-handleiding oor studentedissipline.docm
10 April 2024

File reference: 7Pr_7.3.8